

Kulturbrokkies uit die Krygsgevangenkamp, Diyatalawa

Ingestuur deur
ADJ. J. N. BRINK, D.T.D.

TYDENS die Tweede Vryheidsoorlog is deur die krygsgevangenes in die Diyatalawakamp op Ceylon 'n debatsvereniging gestig. Van adjutant J. N. Brink, D.T.D., wat tans op 82-jarige leeftyd in Clocolan woon en lewendig in die vaderlandse geskiedenis belang stel, is twee bydraes ontvang wat met die verrigtinge van die debatsvereniging in verband staan en nou hier gepubliseer word.

By een geleentheid, so skryf adj. Brink, is 'n warm debat gevoer oor die onderwerp „Wat behoort ons toekomstige Hollandse Taal as 'n skryftaal en onderwystaal langs die Engelse Taal in Suid-Afrika te wees: „Nederlandsch' of „Afrikaans'.” Die debat het soveel belangstelling gewek dat die vergadering verdaag en op 'n later geleentheid voortgesit moes word. By die verdaagde vergadering het genl. Paul Roux die onderstaande gedig voorgedra wat soveel byval gevind het dat dit die deurslag gegee het ten gunste van Afrikaans.

Adj. J. N. Brink, D.T.D., is 'n oud-onderwyser uit die republikeinse tydperk. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog was hy adjutant van genl. P. H. Roux in die Diyatalawakamp op Ceylon. Hy is die skrywer van Ceylon en de Ballingen en Oorlog in Ballingskap. Toe hy rondom 1915 in Johannesburg skool gebou het, was hy 'n groot yweraar vir Afrikaans — 'n belangstelling wat hy daarna nooit verloor het nie.



MYN MOEDERTAAL

deur

Generaal Paul Roux

1

*Myn Moedertaal is Afrikaans!
Praat jy maar wat jy wil;
As jy een ander taal wil praat,
Bly ons altyd verskil.*

2

*Die mengelmoes wat jy begeer,
Laat my van afskuw gril;
Jy frommel al die tale saam,
En sluk hul als een pil.*

3

*Myn moedertaal is Afrikaans!
Zoowel in skool als kerk;
Ek is al lang tevreë wanneer
Jou pil nog altyd werk.*

4

*„Uw moedertaal is Afrikaans!
En waarom, als jy smeekt,
Gebruik gy taal, gansch anders dan
Wanneer gy dagelyks spreek?”*

5

*„Kyk liewe man, jy vra nou zoo,
Maar laat ek toch jou sêh,
Ek dag ek moet geveins eens wees,
Als ik een ding wou hêh.*

6

*Myn moedertaal is Afrikaans!
Wat kwêl jy nou jou ziel,
Wat raak dit jou als ik wil praat,
Van „val” inplaas van „viel”?*

*Is Afrikaans uw moedertaal?
Waar is uw Literatuur?
Die schatten groot en ryk en klaar,
Uit Neerlandsch voorraadschuur?*

8

*„Myn moedertaal is Afrikaans!
Ik maak die literatuur,
Ik dig en spartel met die pen,
Al kyk jy nog zoo zuur.”*

9

*Gemerck met eie bloed,¹
Myn moedertaal is Afrikaans!
Jy hoor dit aan my spraak,
Ik maak my eie kar en wá,
En ry dat dit zoo kraak.*

10

*Die Literatuur van anderland,
Is alles uitlands goed.
Ik hou van goetjies thuis gemaak,
Gemerck met eie bloed.*

11

*Die zaak het nog een ander kant,
Als ik wil importeer
Die kant en klaar geskaafde goed,
Dan zal ik nooit probeer.*

12

*Is Afrikaans uw moedertaal?
’t Is Hotnots taal, nie waar?
Met weinig ook van Neerlandsch
schat,
En iets van Malabaar?*

13

*Ja, Afrikaans myn moedertaal!
Daars Hotnot woorde by;
Myn bloed is zuiwer Afrikaans,
Daars niks van Hotnot by.*

14

*Jy importeer vir eene huis,
Uit Skandenavia,
Jou hout en plank; jou yzer weer
Uit Noord Amerika.*

15

*Jou huisraad goed uit Denemark,
Een stoof vir jou kombuis;
Jou ander goed uit anderland,
En toch voel jy daar thuis.*

16

*Myn moedertaal is Afrikaans,
Misskien zoo bont gekry;
Ik voel net trots op zoo een skat,
Die keur van allerlei.*

17

*Myn moedertaal is Afrikaans,
Ik praat hom lat dit gons,
Jy kan maar chank, jy kan maar grens,
Ik sal bly fluks opdons.*

18

*Myn moedertaal is Afrikaans!
Al raak jy ook aan nies,
Ik word ver jou, als jy my spot,
Nes vir 'n vrot ding vies.*

19

*Myn liewe man wat skeel jou nou?
Druk krampe op jou maag?
Dit kom daarvan als jy jou pens,
Aan zoo een pil wil waag.*

20

*My moeder het die Afrikaans
Daar ver vir my geleer,
Zal ik haar erfnis aan haar knie,
Uit weelde nou onteer?*

'N OPSTEL O'ER PATRIOTSOORTE

Hierdie opstel was vir die debatsvereniging in die krygsgevangenekamp te Diyatalawa, Ceylon, geskrywe deur J. de Villiers van Ficksburg-kommando. Hy was later jare lid van die O.V.S. Provinsiale Raad vir Ficksburg.

Fir inleiding wil ek zeg dat aangesien dit niks baat om besluite te neem en dit dan nie uit te voer, ek naar aanleiding van die besluit van die vergadering van ons debat-vereeniging verlede Donderdag, my opstel geef in die Taal wat door die meerderheid van Afrikaners gesproke word. Maar dan wil ek ook vooruit vraag dat die foute wat ek maak my zal vergeef word, want — dit spyt my dat ek dit moet zeg — ek is heeltemal ongewoont om onze taal te skrywe:

Nou, ter zake:

Ek het dan gezeg dat dit 'n opstel is vir Patriot-soorte. Ek geloof dat almaal met my zal instem dat daar verskeie soorte van Patriotte is, en myn

21

*Myn moedertaal is Afrikaans!
Ons val of staan te saam;
Ons gaan tesaam die toekoms in,
En zonder ons te skaam.*

22

*Een lange tyd het ik gedag;
Wanneer ik loop op straat,
Dis beter eenig ander taal
Dan Afrikaans te praat.*

23

*Gelukkig het ik ingespan,
En Afrikaans trek voor;
Die heele span nou Afrikaans,
Ik wil net groot aanvoor.*

24

*Myn moedertaal is Afrikaans!
Snuit maar gerus jou neus;
„Ver moedertaal en vaderland!”
Bly altyd nou my leus.*

25

*Zuid Afrika, myn Vaderland,
Al is ik nou aan dwaal,
Zuid Afrika, myn eige land,
En Afrikaans myn taal.*

doel is om 'n paar van die soorte te beskrywe. Ek neem aan dat almal weet dat 'n Patriot 'n persoon is wat zyn land en volk hartelik lief het en alles in zyn vermoge wil doen om die welzyn en vooruitgang van zyn land en Volk te bevorder, — 'n persoon wat nie omgee om selfs zyn lewe voor zyn land en volk te gewee als dit nodig word. Die eerste *Patriot* wat ek mee bekend geworde is (tussen hakies moet ek zeg, dat ek die dage nog nie goed geweet het wat eintlik 'n Patriot is en hem zeker nie als Patriot zou geken het als hy nie zyn naamkaartjie veral met hem rondgedraag het) — die eerste Patriot was dan 'n papiere Patriot. In die eerste dage van onze vriendskap het ek meestal van hem gehou omdat hy zulke mooie Afrikaansche versien en gedigte kon opzeg maar later het ek beter met hem bekend geworde, en was toen ook meer op hoogte van sake gekom om te weet wat 'n Patriot werklik is. Ek het toen gezien dat hy sterk geywer het ver zyn land en volk, en hoewel hy maar 'n klein papiere liggaampie had, was zyn gees tog baie groot en sterk. Hoe groot en sterk dit was bewys die werk wat grooteliks deur hem tot stand gebragt is. Deur zyn zuivere Afrikaansche beginsels het hy groot invloed gehad by die Afrikaners en zoo was dit ook grooteliks zyn werk dat die groote Afrikaanse beweging in die Kolonie ontstaan is waardeur later die Afrikaner Bond tot stand gekome is. Dit bewys dus wat deur een ware Patriot, al is dit dan ook maar een van papier, kan gedaan word, als syn hart maar op die regte plek zit.

Dit spyt my dat ek, na al die lof, nou moet zeg dat ons later uitmekaar gegaan is, en onze vriendskap verbroke is, omdat myn 'oeie vriend nie aan zyn beginsels getrouw geblewe is, maar net zoo als zyn Pa 'n Rhodes bewonderaar geworde is, en toen deur die jingokliek ingepalm is om ver hulle te werk in plaas van ver zyn nasie. Die geskiedenis van die ou'e kan ver almaal 'n les leer en ver veel tot waarskuwing wees, dat die wat meen dat hulle staan, verzigtig moet wees om ook nie in verzoeking te val. Deur die papier Patriotte word veel gedaan, maar daar moet op hulle gelet word en die beste is om zoodra hulle begin te draai, die omgang met hulle heeltemaal af te breek. Dit is dan ook die vyligste manier om hulle onskadelik te maak, want als hulle nie ondersteun word dan sterf hulle 'n natuurlike dood zoo als onze o'erlede vriend die Burger in die Vrystaat.

Nou, 'n tweede soort van Patriot is die *Vredestyd Patriot*. Hy is erg gevaarlik. 'n Mens kan hem gemakkelijk uitken. Hy word veel gevonde op publieke byeenkomste en verstaat die kuns goed om die Raadslid strikvrage te stel. Als hy dit eenigzins kan stel bly hy nooit van die byeenkomste weg want daar kry hy al te mooi kans om zyn wysheid en deurzigte te lug. Maar waar hy veral nooit gemis word is op die kleine straat vergaderings wat 'n mens veral Zaterdag op ons dorpe ziet in die omtrek van die kantoore. Daar is onze vriend altyd by en daar voer hy ook die bowetoon. Als hy tussen zyn gehoor staat is zyn politiek natuurlyk ook die van die meerderheid van zyn hoorders van die o'eblik. Is hy onder Nauwere Vereenigings manne dan is hy die grootste voorstander daarvan; ja, als dit van hem afhang dan kryg

ons more één republiek, één president, één volksraad, één wet. En als hy nou lid van die volksraad was zou hy hulle gauw o'ertuig hoe wenselik dit alles is. Maar als hy daar wegdraai en 50 tree verder by 'n klompie Frasier-manne kom, dan vaar hy teen die President en die Volksraad en almal wat ver eeniging is, uit, en wil die wêreld omkeer omte verhinder dat die Vrystaat ooit iets met Transvaal zal te doen kry, buiten natuurlyk vrye invoer van zyn produkte of handelsware. Kom daar eindelijk moeilikheid of oorlog dan kan jy hem hoor: hy het dit altyd gezeg en voorspel dat dit die end van die spul zou wees. Nou het hulle hulle zin en ons moet die gelag betaal. Nou moet die volk ly ver die wanbestuur van die regeerings. En zoo raas hy vort, zoolang maar één naar hem wil hoor, en word by die dag gevaarliker. Eindelyk, word hy gecommandeer dan gaat hy klagend en razend naar het lager en daar, doet hy dan zyn best om die burgers moedeloos en afvallig te maak. Dan weet hy weer hoe onmoe'ntlik dit ver die twee republieke is om met Engeland te veg en verwag dat dit net 'n paar maande, of miskien ook weke alles op 'n end zal wees. Als hy dan naar die front moet gaan, dan is hy by die achterhoede, raak dikwels van die Commando af en kom zelden verder dan die provisie wagens. Van die soort is daar ongelukkig 'n tamelyk groot getal, en hulle getal maak hulle gevaarlik, want één dooie vlieg enz. enz. — en hoe dan nog waar daar 'n hele boel is? Eindelijk, om nie te vervelend te worde, zal ek nog één soort beskrywe. Daar is wel nog meer soorte, maar die kan die lede maar zelf klassifiseer en beskrywe. Die laaste en beste soort dan is die ware *Patriot*. Hy is gewoonlik stil; in vrede tyd hou hy ook vrede. Hy

Dr. Paul Hendrik Roux (1862 — 1911), predikant van die gemeente Senekal ten tye van die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog. Hy volg die burgers na die Natalfront en word vroeg in die oorlog aangestel as Generaal. As 'n gevolg van die oorgawe van genl. Prinsloo in Julie 1900, is genl. Roux met sy kommando ook gevange geneem en na Ceylon verban. Na die vrede is hy weer na sy gemeente in Senekal. 'n Aantal jare later het hy 'n beroep na Beaufort-Wes aanvaar alwaar hy in 1911 oorlede is.



vertrouwen die manne wat deur die meerderheid gekoos is en laat hulle ongehinderd zoolang hulle eerlik handel. Ondertussen hou hy 'n oog in die zeil en bemoei hom verder met zyn eigen werk. Wordt dit nodig, en hy moet praat dan is dit of hy „spreek” want zyn gedachte is bepaald by die ware welvaart en vooruitgang van zyn land en volk, en hy praat nie zomaar sonder te denk voor die wind weg nie, net met woorde alleen, in oorlogstyd zowel als in vrede tyd. Maar veral in tyd van gevaar en nood wys zyn dade wie hy is. Als daar oorlog kom is dit e'ntlik nie nodig om hem te kommandeer, want hy is klaar om zyn plicht te doen, maar als 'n ware burger wacht hy op die orders van die regering. Kom die oproeping dan vind dit hem nie verwag en verbysterd. Hy is stil en vastberaden, en gaat met gewilligheid die gevare en ontberinge van die stryd tegemoet en in zyn omgewing tracht hy om moed en volharding en vertrouwen in die lyders en in die Albestierder in te boezem. En moet hy zyn leven voor zyn land en volk geef, dan bring hy dit als een vrywillige offer, daartoe aangespoord deur die innige vaderlandsliefde wat hy bezit. Altoos is hy gehoorzaam, onderdanig en bereid om orders uit te voer. Waar die land en volksbelange dit vorder is eige belang ver hem byzaak. Zoo'n man verdien dan ook dat hy hoog geacht word deur zyn mede burgers, en zeker blyf zyn naam ook voor die nageslagte bewaard, om ook ver hulle tot voorbeeld voorgehoude te worde en deur hulle ge-eerd te worde en sterf hy ook al, zyn naam sterf nooit. Dat dit die strewe van al die lede van onze vereeniging mag wees om tot die ware patriot soort te behoer en daar getrouw te blywe is die nederige hoop en wensch van die opsteller en verder zou hy ook graag sien dat waar die middele dit toelaat daar ondersteuning zal gegee worde aan die papier patriotte (wat tussen haakies 'n erg behoefte soort skyn te wees, als 'n mens sien hoe hulle altyd aanmaan tog die agterstallige rekenings te betaal) maar dan ook maar net zoo lang als hulle patriotte bly en nie een dag langer.

FINIS.

Silkaats, die Stigter van die Matebelelam

deur

J. J. SMIT

OM hierdie uiters moeilik tipeerbare Bantoe-opperhoof te noem, word voorkeur verleen aan die maklike vorm, Silkaats. Sommige skrywers maak gebruik van die spelvorm Mziligazi, wat „Bloedspoor” beteken, ander weer gee voorkeur aan Mzilikazi of „Grootspoor”.

Silkaats dan, was die seun van Matshobane, 'n hoofman van 'n onbeduidende stammetjie, die Kumalo, wat onder die hegemonie van Tsjaka gestaan het. Dit word algemeen aanvaar dat hy die eerste lewenslig in 1790 aanskou het.